1. Isak en die geboorte van Esau en Jakob

Genesis 24: 1 - 27: 40

Die Here hou sy verbond in stand

God beloof aan Abraham dat hy 'n groot nageslag sal hê. Dit wat God beloof, voer Hy uit. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- God ken die pad waarop sy kinders moet loop.
- God lei man en vrou met sy hand na mekaar.
- Die Here voer sy besluite uit ondanks die sonde van die mens.

'n Vrou vir Isak

Toe Sara sterf, is Isak reeds 'n man van 37 jaar oud. Hy is nog ongetroud en sy pa wil nie dat hy met 'n meisie van Kanaan trou nie. Hulle dien afgode en kan daardeur Isak tot afgodediens verlei. Abraham maak 'n plan om vir Isak 'n vrou te kry. Hy laat sy hoofdienaar, Eliëser, die opsigter oor sy besittings, 'n eed aflê dat hy nie vir Isak 'n Kanaanitiese vrou sal kies nie, maar dat hy na Abraham se geboorteland sal gaan om daar vir Isak 'n vrou te soek. Die kneg hoef nie bekommerd te wees nie. God sal sy engel voor hom uit stuur om hom te help. Abraham weet dat God die dienaar se weg voorspoedig sal maak.

Abraham se dienaar vertrek met tien kamele en allerhande kosbare geskenke na die stad van Nahor, dit is Haran, in Mesopotamië. Die reis duur 'n paar weke, maar uiteindelik kom hy een aand by 'n waterput in Haran aan. Die vroue en meisies kom na die put toe om water te skep. Hy vra die Here om aan hom die regte vrou vir Isak te wys. Die Here verhoor sy gebed. Hy het skaars klaar gebid of daar kom 'n meisie om haar kruik vol water te maak. Vol verwagting loop hy na haar toe en vra vriendelik om 'n bietjie drinkwater. Dadelik laat sy die kruik van haar skouer afsak en gee aan hom water om te drink. Sy bied ook aan om water vir sy kamele in die drinkbak te gooi.

Nadat die kamele klaar gedrink het, doen hy navraag. Haar naam is Rebekka. Sy is die dogter van Betuel, die seun van Abraham se broer, Nahor. Haar vader is dus 'n neef van Isak. Abraham se dienaar is oortuig daarvan dat sy die regte vrou vir Isak is.

Rebekka nooi hom uit om by hulle te oornag. Die Here het sy reis baie voorspoedig gemaak. Voordat hy begin eet, wil hy eers die doel van sy besoek verduidelik. Hy vertel alles van Abraham wat hom gestuur het om vir sy seun 'n vrou te kom soek. Betuel en sy gesin is baie bly om na soveel jare weer van hulle oom te hoor. Hulle het geen beswaar dat Rebekka met hom saamgaan om met Isak te trou nie. Dit is vir hulle duidelik dat dit die wil van die Here is.

Rebekka vertrek na Isak

Die volgende môre is Abraham se dienaar haastig om die terugtog aan te pak. Laban, Rebekka se broer, en haar ma stel voor dat hulle nog 'n dag of tien by hulle oorbly, maar hy verkies om dadelik te vertrek. Rebekka is ook bereid om onmiddellik te vertrek en so begin die lang reis na Kanaan nog dieselfde dag.

Die ontmoeting tussen Rebekka en Isak vind by Lagai-Roï plaas, waar Isak in die Suidland woon. Dit is al aand toe die geselskap in die karavaan nader kom. Isak het op sy eie na die veld gegaan om sake te oordink. Meteens sien hy die karavaan aankom. Rebekka sien hom en vra vir die dienaar wie dit is. Die dienaar antwoord dat dit sy heer is. Rebekka klim dadelik van die kameel af. Dit sou nie reg van haar wees om so "uit die hoogte" met haar bruidegom te praat nie. Sy bedek haar gesig met haar sluier, soos dit in daardie tyd vir 'n ongetroude vrou betaamlik was om te doen. God het Rebekka met sy eie hand na Isak toe gelei. Isak neem haar na sy moeder Sara se tent en later trou hulle met mekaar. Ons lees in die Bybel dat hy baie lief vir haar was.

Isak die opvolger van Abraham

Toe Abraham sterf, erf Isak al sy vader se besittings. Die Here hernu ook met hom die verbond wat Hy met Abraham gesluit het. Dieselfde beloftes

wat God aan sy vader Abraham gemaak het, geld vir hom.[1]

Nadat 'n hongersnood in Kanaan uitbreek, trek Isak na Gerar, waar Abimeleg, die koning van die Filistyne, woon. Terwyl hulle daar woon, trek Rebekka die manne se aandag want sy was mooi. Isak is bang om te sê dat Rebekka sy vrou is, omdat hy bang is dat die mans van Gerar hom sal dood maak. Hy sê dat sy sy suster is. Toe Abraham in 'n soortgelyke situasie verkeer het, het hy 'n halwe waarheid vertel dat Sara sy suster is, maar Rebekka is glad nie Isak se suster nie. Na 'n tyd sien Abimeleg, die koning van die Filistyne, deur die venster van sy huis hoe Isak met Rebekka speel. Die "spelery" was van so 'n aard dat Abimeleg daaruit kon aflei dat hulle meer was as net broer en suster. Net soos Abraham word Isak nou deur 'n heiden vermaan oor sy verkeerde gedrag. Abimeleg waarsku die manne van sy stad dat hulle nie aan Isak of Rebekka mag raak nie, sodat daar geen skuld oor sy gebied kom nie.

Abimeleg laat Isak toe om daar te saai en God seën hom met 'n buitengewone groot oes. Ook sy kuddes brei uit en hy word 'n baie ryk man. Die Filistyne is afgunstig en Abimeleg versoek hom om liewer die land te verlaat. Isak trek na die putte by Gerar wat sy vader gegrawe het en wat die Filistyne daarna weer toegestop het. Isak grawe die putte oop, maar elke keer kom die Filistyne en eis die put vir hulleself op. Omdat Isak in vrede wou leef, trek hy verder. Eindelik bevind hy hom weer in Berseba, in die suide van Kanaan.

Geboorte van Esau en Jakob

Isak se ouers het 25 jaar op sy geboorte gewag. Isak en Rebekka wag 20 jaar op die geboorte van hulle twee seuns, Esau en Jakob. Ons lees in die Bybel dat Isak die Here in gebed smeek om aan hulle kinders te skenk. Die Here verhoor sy gebed en Rebekka word swanger. Ook Rebekka raadpleeg die Here as die twee ongebore seuns binne in haar teen mekaar stoot. Die antwoord wat sy van die Here ontvang, maak haar hart baie bly. Sy gaan moeder word van twee seuns. Elkeen van hulle se nageslag gaan 'n groot volk word. Daar is tog iets wat vir haar eienaardig is en daarom onthou sy dit baie goed. Die Here sê dat die oudste seun die jongste sal dien.

---

1 Gen. 22: 17 - 18 ... dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is; en jou nageslag sal die poort van sy vyande in besit neem. En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het.

Die verhouding tussen die twee volke, wat reeds in die moederskoot teen mekaar gestoot het, was gedurig vyandig. Die Bybel maak bekend dat hierdie vyandskap tussen Jakob en Esau 'n diep agtergrond het. God sit sy genadeverbond voort met Jakob en nie met Esau nie.[2] In die latere geskiedenis het hierdie stryd 'n hoogtepunt bereik met die oorwinning van Israel oor die Edomiete deur Dawid.[3]

Toe Esau en Jakob gebore word, lyk hulle glad nie na mekaar nie. 'n Mens sou nie dink dat hulle 'n tweeling is nie. Esau is met rooi hare bedek. Daarom kry hy ook die naam Esau, wat "harig" beteken. Daarna is sy broer gebore, terwyl hy die hakskeen van Esau vashou, asof hy hom wil keer om eerste gebore te word. Daarom is hy Jakob genoem wat "hakskeengryper" beteken. Net soos wat hulle voorkoms verskil, so verskil hulle geaardhede. Esau is 'n seun van die veld en hy word 'n jagter. Jakob verkies weer om tuis te bly. Hy hou hom maar liewers besig met veeboerdery en woon in tente soos sy ouers. Isak is baie lief vir Esau, want hy hou van die wildsvleis wat Esau smaaklik voorberei. Rebekka daarenteen is liewer vir Jakob wat tuis by haar bly.

Esau verkoop sy eersgeboortereg

Wanneer die seuns groot word, probeer Jakob om Esau se eersgeboortereg te verkry. Uit die openbaring wat Rebekka van God ontvang, weet sy dat Jakob God se uitverkore seun is. Sy het dit waarskynlik ook aan Jakob vertel. Al ken hulle God se belofte, wag hulle nie om te sien hoe God sy belofte aan Rebekka sal vervul nie. Hulle beraam self planne om dit te verkry.

Omdat Esau die oudste of eersgeborene is, bepaal die eersgeboortereg dat hy dubbel soveel as Jakob moet erf. Maar Esau is onverskillig. Eendag kom hy baie moeg van die veld af. Hy sien Jakob waar hy besig is om 'n heerlike pot lensiesop te kook. Hy sal graag ook daarvan wil eet. "Goed," sê Jakob, "maar verkoop eers jou eersgeboortereg aan my." Dit is vir Esau geen probleem nie! Hy verkoop sy eersgeboortereg met 'n belofte aan Jakob.

2 Mal. 1: 2 - 3 Ek het julle liefgehad, sê die HERE. Nogtans vra julle: Waarin het U ons liefgehad? Is Esau nie die broer van Jakob nie? spreek die HERE. Tog het Ek Jakob liefgehad, maar Esau het Ek gehaat en sy gebergte 'n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn prysgegee.

3 1 Kon. 11: 15 - 16 Toe Dawid dan met Edom besig was, en Joab, die leërowerste, opgetrek het om die gesneuweldes te begrawe, het hy al wat manlik was in Edom doodgeslaan - want ses maande lank het Joab daar gebly met die hele Israel totdat al die manlike persone in Edom deur hom uitgeroei was -

Esau minag daardeur sy eersgeboortereg. Hy steur hom nie aan al die seëninge wat daaraan verbonde is nie. Dat die een wat die eersgeboortereg besit, ook later die land Kanaan sal besit en dat hy 'n seën sal wees vir al die nasies, soos die Here aan sy oupa belowe het, hinder hom glad nie.

Jakob tree verkeerd op. Hy behoort te wag totdat die Here self die seën aan hom gee.

Toe Esau en Jakob 40 jaar oud is, trou Esau met twee meisies van Kanaan. Hieroor is sy ouers baie hartseer, want die mense van Kanaan dien afgode. So wys Esau al meer en meer dat hy nie 'n man is wat die Here vrees nie.

Isak wil Esau seën

Isak is honderd jaar oud wanneer Esau trou. Sy oë begin swak word en later raak hy blind. Hy meen dat hy binnekort gaan sterf, en daarom stuur hy vir Esau om vir hom 'n wildsbokkie te gaan skiet met sy pyl en boog. Esau moet die bokkie lekker gaarmaak sodat Isak dit kan eet. Daarna sal hy vir Esau seën.

'n Seëning deur een van die aartsvaders, waarvan ons reeds by Noag 'n voorbeeld gesien het, dra 'n profetiese karakter. God openbaar daardeur wat in die toekoms gaan gebeur. So 'n seëning geskied voor die aangesig van die Here en word uitgespreek deur die geloof.[4] Die eersgeboorteregseën wat Isak wil gee, is wat inhoud betref ook heeltemal volgens die wil van God. Hy tree egter eiewillig op deur hom te laat lei deur sy persoonlike voorliefde vir Esau en nie deur die wil van God nie.

Jakob bedrieg sy vader

Esau dink glad nie meer daaraan dat hy sy seën aan Jakob verkoop het nie. Maar Rebekka hoor wat Isak vir hom sê. Terwyl hy in die veld is om 'n wildsbokkie te skiet, maak sy haastig 'n plan. Sy laat Jakob gou twee mooi bokkies slag en maak hulle lekker gaar. Jakob het geen beswaar teen haar plan nie, maar is wel bang dat sy vader hulle bedrog sal ontdek en hom dan sal vervloek in plaas van seën. Rebekka stel hom gerus deur te sê dat sy die vloek op haar sal neem. Sy gee aan hom die opdrag om alles reg te kry. Van

4 Heb. 11: 20 Deur die geloof het Isak vir Jakob en Esau geseën met die oog op die toekoms.

die bokkies het sy 'n lekker ete gekook. Sy trek Esau se klere vir Jakob aan sodat hy soos Esau ruik, en trek die velle van die bokkies oor sy hande en nek. Daarna kom Jakob met die lekker ete en die brood by sy blinde vader.

Verras vra Isak: "Wie is jy, my seun?" Jakob antwoord: "Ek is Esau, u eersgeborene!" Met hierdie leuen wil hy die seën van Esau gryp. Hy sê aan Isak dat hy gedoen het wat hy hom beveel het en dat sy vader nou maar van sy wildsvleis kan eet sodat hy hom kan seën. Agterdogtig vra Isak: "Hoe het jy dit so gou gekry?" Vals-vroom antwoord Jakob: "Omdat die Here u God my dit laat teëkom het." Hy stapel leuen op leuen. Isak is nog nie tevrede nie. Hy wil hê dat Jakob moet nader kom dat hy aan hom kan raak. Rebekka se slinkse plan werk. Die stem is Jakob se stem, maar die hande voel soos Esau s'n. Weer vra hy: "Is jy waarlik my seun Esau?" Weer lieg Jakob: "Ja!" Isak word oortuig deur die hande wat harig voel en besef nie dat dit Jakob is wat met hom praat nie.

Isak seën vir Jakob

As Isak klaar geëet en gedrink het, sê hy vir Jakob: "Kom tog nader en soen my, my seun!" Hy ruik die geur van sy klere, die geur van die veld, die geur van Esau! Toe het Isak die eersgeboorteseën uitgespreek. Hy wens Jakob die dou van die hemel en die vet van die aarde en oorvloed van koring en mos toe. Volke sal hom dien en nasies sal voor hom buig. Ook sal sy broers aan hom onderdanig wees.

Jakob slaag daarin om sy pa te mislei en ontvang die seën wat vir Esau bedoel is. As Esau later uit die veld terugkeer en met sy wildsgereg by sy pa kom, vind hy uit dat Jakob hom voorgespring het. Hy voel baie bitter en begin huil. Esau ontvang tog ook 'n seën, maar Jakob se seën bly geldig. Esau sal in 'n droë, onvrugbare landstreek woon waar geen dou val nie. Hy sal sy broer moet dien en sy nageslag sal net met groot inspanning daarin slaag om aan Jakob se heerskappy oor hulle te ontkom.

Die Here voer sy besluit uit, ondanks die sonde van mense. Isak, Rebekka en Jakob het al drie gesondig. Isak sondig deur Esau te probeer seën, terwyl hy weet dat die Here Jakob verkies het. Rebekka en Jakob pleeg sonde deur vir Isak te jok. Jakob sal later vir hierdie sonde boet. Dan sal hy ook bedrieg word. Die Here laat die sonde nie ongestraf nie. Wat belangrik is om te besef, is dat deur al die sonde heen, die Here sy heilige wil tog uitvoer.

Aanbevole leesstukke

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 120 – 136 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 57 – 66 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 104 – 111 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 106 – 121 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 1: Genesis – Josua. Pretoria: DBU. 55 - 65 p.